Oral staan murasies en halfklaar geboue, en die grootste gedeelte van die plaaslike bevolking is bitter arm. Later die middag gaan ry ons 'n klein draaitjie. Buite die dorp, by 'n pannetjie sien ons pragtige Dwerglangtone en Dwergganse [Lesser Jacana, African Pygmy Goose]. Verder aan sien ons twee pragtige Witaasvoëls [Palmnut Vulture] en 'n Langkuifarend [Long-crested Eagle] en, by 'n vleg gebied, Kleinwulp [Common Whimbrel] en Ringnekstrandkiewiete [Common Ringed Plover] asook 'n mooi Terekruiter [Terek Sandpiper]. Dan is ons terug na ons gastehuis om die aand by 'n lekker restaurant te gaan eet wat kreef, garnale en vis voorsit. Die 2M bier van Mosambiek is darem baie lekker.

Baie vroeg die volgende oggend ry ons na die Rio Savanne vleilande, maar besef gou ons gaan nie ver kom nie. Die pad was sopnat en omdat die Quantum nie vierwiel-aangedrewe is nie, moes ons stop en omdraai, ons drome om Oostelike Saadbrekertjie, Rooivlerkkwartelvinkie, Dubbelsnip en Bloukwartel [Lesser Seedcracker, Locustfinch, Great Snipe, Blue Quail] te sien aan skerwe. Nietemin is ons met waterskoene die veld in en het 'n Swartrugkwarteltjie [Black-rumped Buttonquail] voor ons uitgevlieg en kon ons uiteindelik darem Trekdrawwertjies, Rooikopkweleas en 'n Geelkeelkalkoentjie [Temminck's Courser, Red-headed Quelea, Yellow-throated Longclaw] afneem. Terug by die gastehuse het 'n paar Huiskraaie [House Crow] geraas. Ons kon ontsan en weer die aand lekker gaan eet.

13 Februarie breek aan en van Beira af vertrek ons na die magiese Coutadawoude. Ons gaan die volgende 4 nagte tuis wees by M'phingwe Kamp, Catapu, sowat 40 km van die groot Zambezirivier en die dorpie Caia. Ons ry eers bietjie oos en toe noord, tussen Mount Gorongosa en die bekende Gorongosa Nasionale Park verby, alles darem teerpad. Omdat die Gorongosaberg deesdae vir die publiek gesluit is kon ons nie na die gesogte Groenkopwielewaal [Green-headed Oriole] gaan soek nie – tog te jammer. Daar was ook 'n korter grondpad van Dondo via Inhaminga en Inhamitanga wat ons maar vermy het as gevolg van die groot reën wat die omgewing gehad



Pieter Heslinga

Niall by Blouduiker: M'phingwe



Ken Logan

Vleitjagra/Marsh Tchagra: Caia



Lynette Rudman

Rooskopbyvreter/Böhm's's Bee-eater

het. By die ingang van die park ry ons 'n entjie in en stop vir *brunch*. Die middag arriveer ons op 'n goeie tyd by M'phingwe. Dis 'n pragtige opset met wonderlike fasiliteite. 'n Blouduiker kom dagsê en aan Niall se vingers lek.

Dis Saterdag en baie vroeg die volgende oggend geniet ons koffie en vertrek na die Coutadawoude, met Angolapitta [African Pitta] heelbo aan ons lys. Ons dink terug aan ons besoek hier 2 jaar gelede en alles is nog bekend en duidelik in ons geestesoog. Daar aangekom klim ons uit en patrol eer ons die paaie op en af met ore gespits. Die voëls is met hulle 'dawn chorus' besig – te pragtig. Soos almal weet daag die Pitta na die eerste lentereën in daardie gebied op en ons wonder by onself of hulle al daar is en of hulle nog kom. Etienne Marais en 'n groep voëlkykers was 2 weke tevore daar en het die Pitta nie gesien of gehoor nie. Die volgende oomblik roep Niall: 'ek hoor hom!' Ons is die bosse in al agter sy geluid aan. Soos wat ons nader kom, vlieg die voël verder van ons af weg. Op 'n punt kom ons tog nader, Niall voor, ek tweede, toe Ken en toe die res. Ons gaan om 'n boom en daar voor ons is die Pitta besig met sy danspassie op 'n tak... ons gryp ons kameras maar te laat – dit sien ons en vlieg dieper die woud in. Niall, ek en Ken het die Pitta gesien, die ander nie – en geen foto's as bewys nie. Tog so jammer dat almal van ons groep nie die Pitta gesien het nie. Maar dit was maar Dag 1 en ons sou die volgende dag terugkeer en weer probeer. Ons het voortdurend debateer of die pittas besig is om te arriveer en of dit die laaste sien van hulle vir die seisoen was.

Die volgende dag het ons eers weer na die Pitta gaan soek. Ons stop weer waar ons dit die vorige dag gekry het. Almal luister aandagtig. Ek hoor die Pitta een keer kortweg en Niall beaam dit – toe nie weer nie, en na 'n uur of wat besluit ons om ons soektog vir die voël af te las – daar was nog heelwat ander voëls wat ons graag wou sien. Gedurende die 2 dae wat ons in die Coutadawoude spandeer het, het ons 'n groot verskeidenheid ander woudvoëls gesien: Swartkoekoek, Mooimeisie, Piet-my-vrou, Europese Koekoek, Bosloerie, neushoringvoëls, heuningwysers [Black,

Emerald-, Red-chested- en Common Cuckoos, Narina Trogons, hornbills, honeyguides], om maar 'n paar groepe te noem. Daar was ook wonderlike oomblikke van Tanzaniese Spegte [Speckle-throated Woodpecker], helmlaksmanne [helmet-shrikes], boslaksmanne [bush-shrikes], tjagras [tchagras], 'n Europese Wielewaal [Eurasian Golden Oriole] en 'n Geelvleknikator [Eastern Nicator]. 'n Gunningse Janfrederik [East Coast Akalat] het voor ons heen en weer oor 'n bospaadjie gevlieg (te vinnig om af te neem) en so ook 'n paar Kleinboskruipers [Tiny Greenbul]. Die skugter Witborswoudlyster [White-chested Alethe] kom sit vir 'n oomblik op Niall se luidspreker en woerts weg. Ons kry 'n paar Witpensvlieëvangers [Black-and-White [Vanga] Flycatcher] wat op 'n nes hoog in die bome broei (maar te hoog vir goeie fotos). En ek kom gou agter hoe moeilik fotografie van woudvoëls is – alles so donker en grys. Die dag stap aan, ons het 'n wonderlike 'innings' gehad. Oppad terug kamp toe kry ons nog Oranjevlerkkelba, Swaelstertbyvreter, en Bosveld- en Manglietvisvanger [Orange-winged Pytilias, Swallow-tailed Bee-eaters en Woodland en Mangrove Kingfishers].

Dis Maandag, 16 Desember, en vandag mik ons noorde toe: Caia, die Zambezirivier en daarna Sena, 'n dorpie so 60 km river op in 'n westelike rigting. Die pad Caia toe is maar sleg en dit neem tyd. Maar ons is baie opgewonde want die voël om te sien was die Roeskopbyvreter [Böhm's's Bee-eater], waarvan enkele vanuit die noorde oor die rivier gekom en daar gevestig het. Digby die brug wat oor die Zambezirivier gebou is, is daar groot rietbeddings. Niall roep die Vleitjagra [Marsh Tchagra] vir ons, en somer vinnig kom een uit tussen die riete en vertoon te pragtig. Daarvandaan ry ons Sena toe en besoek 'n groot suikerplaas waar die Böhm's gesien word. Dit het nie so maklik gegaan nie maar uiteindelik kry ons drie voëls, te pragtig, maar ongelukkig nie in broeidrag nie. Die ander byvreter was ook daar, Rooikeel-, Blouwang- en Kleinbyvreter [White-fronted, Blue-cheeked and Little Bee-eaters], sowel as Geelpens- en Kopersuikerbekkies [Variable and Copper Sunbird] en Geelkwikkies [Western



Pieter Hellinga

Groenvleioerie/ Green Malkoha




Pieter Hellinga

Palmomörelyster/Collared Palm Thrush

Yellow Wagtail]. Teen hierdie tyd was dit die middel van die dag en snikheet warm. Ons vertrek terug na die lafenis van ons M'phingwe kamp toe. Nadat dit bietjie afgekoel het ry ons na 'n pan digby die kamp om te sien wat ons kon kry. Ons het nie Niall se Dwergrietreier [Dwarf Bittern] gekry nie maar was baie gelukkig toe 'n Groenvleioerie [Green Malkoha] vir ons kom kuier. In die lug sweef Witpensstekelsterte [Böhm's Spinetail] heen en weer. Soos elke aand eet ons heerlik en kuier vir oulaas met die eenaars.

Die volgende dag vertrek ons terug Beira toe om aansluiting te vind met ons roete na die suide. Dit was maar 'n lang dag, maar ons stop van tyd tot tyd om voëls te kyk. By 'n brug word ons bederf deur 'n Palmomörelyster [Collared Palm Thrush], asook 'n Grootrietsanger [Great Reed Warbler] wat pragtig sing. 'n Kortvlerk-tinkinkie [Short-winged Cisticola] skarrel letterlik oor ons voete, so naby is dit. Ons stop weer



Ken Logan

Wespedief/European Honey Buzzard: Save Pan

Pieter Hestings

Gevlekte Speg/Green-backed Woodpecker

by die ingang van die Gorongosa Nasionale Park om iets te eet en te drink. Hier kry ons toe Breëstertparadysvinke [Broad-tailed Paradise Whydah] wat besig was om hulle broeidrag aan te trek en Oranjevlerkmelbas, Rooikopkweleas [Orange-winged Pytilia, Red-headed Quelea] en 'n Withelemlaksman [White-crested Helmetshrike] op 'n nes wat broei, en dan ook twee jong Gryskopvisvangers [Grey-headed Kingfisher]. Terug in Beira slaap ons weer by die Jardim das Velas Lodge. Ons ry die middag weer 'n entjie, terug na die klein pan-netjie wat ons die vorige keer besoek het en kry weer die Dwerlangtone [Lesser Jacana] en Dwerrganse [African Pygmy Goose].

Die volgende dag, Woensdag 18 Desember, ry ons suidwaarts Vilanculos toe en stop vir middagete by die Save Pan. Dis hier waar die Groentinker [Green Tinkerbird] voorkom, maar dis warm en die pan byna kurkdroog; geen voëls. Die volgende oomblik kom 'n Wespedief [European Honey Buzzard] voor ons in die pan sit, maar vlieg op toe ons nader kom. Verder

langs die pad by mooi kremetartbome kry ons Gevlekte Stekelstert [Mottled Spinetail] maar nie Witpensstekelstert [Böhm's Spinetail] nie. Laatmiddag kom ons by ons blyplek in Vilanculos, Casa Cabana aan. Dit was te laat om nog verder voëls te kyk en ons verkeer rustig met koue 2M bier. Die volgende oggend voor ons vertrek Inhambane toe, ry ons eers deur die agterstraatjies van die dorp en kry sowaar 'n Gevlekte Speg [Green-backed Woodpecker] wat *out-of-range* is, en drie soorte kanaries – Dikbek-, Geelbors en Geeloog- [Brimstone, Lemon-breasted, Yellow-fronted Canary]. 'n Diederikkie [Diderick Cuckoo] kom gesels ook saam. Terug by Casa Cabana eet ons gou ontbyt en vertrek.

Dit was weer 'n lang dag op die pad en ons kom moeg in Inhambane aan. Ons slaap by die Barra Beach Club. Maar ons kry ons kamers, eet ietsie en vertrek later die middag na die peninsula toe met sy uitgestrekte moddervlaktes. Ons kry meeste van die normale waadvoëls en ook Ringnekstrandkiewiet, Grootstrandkiewiet en Mongoolse Strandkiewiet [Common Ringed, Greater Sand, Lesser Sand Plover]. Daarna ry ons na die ligtoring en soek vir Krapvreters [Crab Plover], maar kry hulle nie.

Die volgende dag is bestem vir die Miombowoude naby Panda. Dit gaan maar stadig en ons kom eers ongeveer half nege daar aan. Ons sou so graag die Olyfkopwewers [Olive-headed Weaver] wou sien, maar dis reeds goed warm. 'n Paartjie Knopsterttrou-pante [Racket-tailed Roller] was nie skaam om vir ons 'n vertoning te gee nie, en so ook kon ons Mosambiekbosbontrokkie, Gryskapokvoël, Bloukruissuikerbekkies, en 'n Muiskleurvlieëvanger [Pale Batis, Grey Penduline-tit, Neergaard's Sunbird, Pale Flycatcher] te siene kry. Maar daar is geen teken van die wewers nie. Niall neem ons na 'n paar plekke toe waar nog stukkie van die Miombowoude oor is. Die plaaslike inwoners het egter die woude so uitgeroei dat daar min oor is. Die wewers kom voor in bome waar 'oumansbaard' voorkom en ons soek orals daarvoor. Daar is min oor. Teen 12 uur die middag en met 'n temperatuur van 38 grade besluit ons om halt te roep en ry terug na ons blyplek. Die middag ry ons gou weer na

Kent Logan



Knopstertrouphant/Racket-tailed Roller: Panda

Pieter Heeslinga



Grootrietreier/Eurasian Bittern

Pieter Heeslinga



Groepfoto

die moddervlaktes toe en is gelukkig om ook Krombekstrandloper en Terekrutter [Curlew and Terek Sandpiper] te kry.

Daardie aand hoor ons van Grootrietreiers

[Eurasian Bittern] wat by Inhambane te siene is. Baie van ons het hulle nog nooit gesien nie, en Niall reël dat ons die volgende oggend gou eers daarvoor kan gaan soek voor ons vertrek later die oggend Macaneta toe. Mark Boorman, eienaar van 'n plaaslike lodge ontmoet ons by 'n vlei gebied, en was ons nie gelukkig om sowaar twee van die voëls te kry nie! Dit voel na die hoogtepunt van ons trippie. Ons kon nie lank versuim nie en vertrek Macaneta toe.

Dit is Vrydag 20 Desember – nog net Macaneta en dan huistoe. Ons gaan tuis by 'n baie lekker plek met die naam Tan 'n Biki. Macaneta het die afgelope jare bekend geword vir die Sharp-tailed Sandpiper wat elke somer daar kom kuier. Dit is egter baie droog in die omgewing; die vloedvlaktes is omtrent droog en ons sien geen Sharpie nie. Die gety was ook nie reg nie. Die aand kon ons weer lekker smul aan Portugese hoender en 2M bier en vroeg die volgende oggend het ons gou eers weer vir die Sharpie gaan soek – maar nee. Niall stel voor ons loop bietjie in die grasvlaktes rond en daar kry ons toe Afrikaanse Snip [African Snipe] en 'n pragtige Rooskeelkalkoentjie [Rosythroated Longclaw].

Ons keer terug lodge toe, eet ontbyt en vertrek huiswaarts. Dis Saterdag 21 Desember 2019, en ons kom aan die einde van ons toer. Gerugte het dit dat die Komatipoortgrenspos met motors en vragmotors toegeblok is en Niall besluit om via Swaziland terug te ry. Dit was 'n baie mooi pad; ons ry voorspoedig en arriveer ongeveer 5 uur Saterdagmiddag terug in Pretoria.

Soos die spreekwoord sê, aan alle goeie dinge kom daar ook 'n einde. Dit was 'n fantastiese toer. Niall is 'n uitstekende gids, en so ook was sy reëlings en die verversings wat hy voorsien het. Die reënweer aan die begin het ons bietjie gekortwiek en ons kon nie al die specials sien wat ons graag wou nie, maar nou-ja, *next time*. Die totale afstand deur ons afgelê was net minder as 6 000 km en ons het ongeveer 260 spesies voëls gesien. *Lifers* aan ons kant was 15. Baie dankie aan Niall en baie dankie ook aan die res van ons geselskap – dit was oor en oor 'n groot trip! 🐦

Wishbirds: Part 5

We continue our series of want-to-see birds and how to go about finding them: this set of species and advice was first published in either Laniarius 90 (Sept 2003), 91 (Dec 2003) or 93 (June 2004), with contributions by Faansie Peacock, André Marx, Etienne Marais and Peter Irons.

Broad-tailed Warbler / Breëstertsanger

As in most warblers, the best way to locate this secretive species is to listen for the male's extremely high-pitched, metallic song. They deliver this song in a characteristic display flight in which the bird cruises above its territory at a height of 5–20 m while continually flicking its heavy tail and snapping its wings. Apart from these visual signals, it also utters well-spaced, clear and extremely high-pitched notes, which is somewhat reminiscent of the song of Zitting Cisticolas [Landerykloppie]. A variety of other calls, which include variations of the metallic song described above as well as clicking notes, are also given from a low song-post, especially in misty or rainy conditions, when the birds perch conspicuously to sun themselves.

Broad-tailed Warblers are normally quite



Broad-tailed Warbler / Breëstertsanger (photo by Alan Manson, used under [CC BY 2.0](https://creativecommons.org/licenses/by/2.0/))

approachable, but they may dive into the depths of grassy thickets when disturbed. Here they creep away from danger, and are very adept at eluding birdwatchers. Although it is found in a variety of habitats, the presence of tall, dense grass is essential. It is mostly a bird of damp or boggy ground, although it does occur in dry upland grasslands on hill slopes. They can be looked for on the edges of dambos in clearings in lowland woodlands, lush grassland on sloping ground and overgrown patches of tall grass along small streams on open hillsides.

In high-altitude localities, this species is a summer visitor, spending the winter months along the coastal plain and at lower altitude sites, where it can be seen throughout the year. Small numbers occur in Mpumalanga and Limpopo but it is best sought in KwaZulu-Natal, where it occurs in scattered localities throughout the province. Try the Drakensberg reserves in summer, and perhaps Zululand in winter. However, this is one of the most difficult birds for which to provide a specific locality.

You can listen to recordings of this bird at: <https://www.xeno-canto.org/explore?query=fan-tailed%20grassbird>

African Finfoot / Watertrapper

The African Finfoot is difficult to see because of its favoured habitat, which is flowing rivers, with a good deal of overhanging vegetation along the banks. It can be quite shy and easily slips away unnoticed. Its plumage provides particularly good camouflage on rivers with flowing water and dappled light. The African Finfoot avoids very fast flowing streams and stagnant water and prefers clear water. It may also occur on large dams with quiet backwaters and overhanging vegetation – such as at



African Finfoot / Watertrapper

Albasini in Limpopo Province, where it is usually easy to see by taking a boat trip. It is however fairly widespread in the eastern parts of South Africa, from the Garden Route northwards to Pafuri. In the wider Pretoria area it occurs on most of the larger rivers where there is good habitat. Localities where it is regularly recorded include the Elands River below Rust de Winter Dam, the Pienaars River from Baviaanspoort to Ditholo, the Hennops River west of Pretoria, Skeerpoort and rivers in the Magaliesberg area, and probably also on the Jukskei. One of the better local places to see it is on the Moretele River below Klipvoor Dam, Borakalalo NP. Several pairs may be present, and quiet and patient watching of the river will eventually produce a sighting. Further afield, Skukuza Rest Camp, Lake Phobane (Eshowe) and Enseleni NR (KZN North Coast) are well known as good spots for this bird.

Because this is a secretive and shy species it is best to use stealth at any of the localities where it is known to occur. The Finfoot will often move away as soon as it detects a human presence and is therefore often not observed. Early morning, before there has been much movement in the vicinity of the river, is the time of day when it is most often seen. It is quite distinctive in appearance, with some differences in plumage between males and females; however the diagnostic bright orange-red legs and feet and red bill of the adult should eliminate confusion with any other species.

You can listen to recordings of this bird at: <https://www.xeno-canto.org/species/Podica-senegalensis>


Laeveldpatrys / Shelley's Francolin

Die Laeveldpatrys is nie so moeilik om waar te neem as mens sy roep en habitat ken nie. Dit is egter 'n skaam voël wat meesal deur die gras versteek word. Verder is dit ook minder algemeen as meeste ander patryse en fisante.

As een van vier verteenwoordigers van die 'rooivlerk patrys'-groep (die ander is Kalahari-, Rooivlerk- en Bergpatrys) word hierdie spesie gekenmerk deur 'n halsbandpatroon om die nek, rooibruin vliegvere en 'n kenmerkende, musikale roep wat meestal vroeg in die oggend gegee word vanaf 'n prominente punt soos 'n miershoop, rots of die kruin van 'n heuwel.

Laeveldpatryse gebruik 'n verskeidenheid habitate in hulle verspreidingsgebied, maar word in die Pretoria-omgewing meestal aangetref in klipperige heuwels met lang gras en breëblaarboomveld. Verder oos word hulle in klam grasvelde gevind. Hulle kom meestal in swerms van 6–8 voëls voor.

Die kenmerkende roep word gewoonlik weergegee as '*I'll drink yer beer*' en dit is die beste manier om die spesie op te spoor. Dit kan egter besonder moeilik wees om hulle ordentlik te sien te kry. Hulle het 'n gewoonte om plat te gaan lê en te vries as hulle gevaar vermoed,



Laeveldpatrys / Shelley's Francolin (photo by [Alan Manson](#), used under [CC BY 2.0](#))

en sal dan eers opvlieg wanneer mens feitlik op hulle trap. Soms kan hulle gesien word waar hulle versigtig oor die pad stap of terwyl hulle vanaf 'n uitkykpunt skree.

In areas waar hulle met die Kalaharipatrys oorvleuel is dit gewoonlik nodig om die swart-en-wit merke op die pens te sien om hulle te onderskei, aangesien die gesigspatruon baie soortgelyk is. Wyfie Swempie [Coqui Fancolin] vertoon ook 'n wit keel en 'n swart halsband, maar het 'n unieke postuur en word meestal deur mannetjies vergesel.

Een van die beste plekke om die voël te siene te kry is die Ezemvelo Natuurreseervaat naby Bronkhorstspuit, waar 'n goeie hoeveelheid geskikte habitat te kry is. 'n Ander goeie (en selfs nader) plek is Edenkamp, 'n kerkkamp-plek net van die KwaMhlangapad (R573) af. Die beste kans is om langs die paaie te loop of aan die kante van die kamplek, waar die lang gras begin, te soek. Verder weg is die Percy Fyfe Natuurreseervaat en die Polokwane Natuurreseervaat goeie plekke om te soek.

Interessant genoeg is die suidelike dele van die Krugerwildtuin een van die maklikste plekke om die voëls te sien, veral in die omgewing van rotsagtige plekke. Hier sal die voëls, gewoon aan voertuie, geredelik oor die pad loop. Self hier is geduld egter nodig, omdat hulle minder algemeen is as ander patryse en fisante.

Om na opnames van die voël te luister: <https://www.xeno-canto.org/species/Scleroptila-shelleyi>

Akasiagrismees / Ashy Tit

Hierdie mees word nie dikwels in Pretoria se omgewing gesien nie. Daar is hoofsaaklik twee redes hiervoor: eerstens is hulle nie algemeen nie, en tweedens spandeer hulle 'n aansienlike deel van hulle lewens in digte doringstruie en -bome.

Die Akasiagrismees se naam is aanduidend van die habitat waarin hulle feitlik uitsluitlik voorkom. Mens mors dus jou tyd om hulle in enige ander habitat as suiwer doringveld te soek. Ander tipiese voëls van hierdie habitat



Akasiagrismees / *Ashy Tit* (photo by [Derek Keats](#), used under [CC BY 2.0](#))

sou Rooiborslaksman, Bosveldtjeriktik and Maricovlieëvanger wees. Indien mens hierdie spesies teëkom, is die kans altyd daar vir die Akasiagrismees ook. Die mees is 'n verrassend goeie sanger, met 'n verskeidenheid van besondere mooi liedjies. Hierdie geluide sal tipies bestaan uit 'n vinnige herhaling van dieselfde suiwer note, wat kan klink soos *tjol-tjol-tjol* of *doe-doe-doe-doe*, ensovoorts. Daar is ook 'n kenmerkende *derrr*-geluid. Al hierdie klanke behoort egter op klankopnames nagegaan te word, omdat dit so moeilik is om die geluide in woorde weer te gee. Enige soet klank uit 'n doringbos behoort ondersoek te word, al sal die bron meesal 'n Gestrepte Wipstert of 'n Bosveldtjeriktik wees.

Redelike goeie lokaliteite vir die Akasiagrismees sluit die Zaagkuildrifpad in, asook doringruigtes by plekke soos Vaalkopdam. Ditholo is ook 'n goeie plek, en 'n klubuitstappie daarheen het 'n goeie kans om 'n mees op te lewer. Hulle raak algemeen in die sentrale dele van die Noord-Kaap en suidelike Botswana.

Om na opnames van die voël te luister: <https://www.xeno-canto.org/explore?query=ashy%20tit>

Trekdrawwertjie / Temminck's Courser

Die laaste voël het baie min kommentaar van die deskundiges uitgelok. Hulle het wel aangedui dat mens die beste kans het om hierdie drawwertjie te kry in laatwinter, op varsgebrande grasveld. Dit is egter 'n baie



Trekdrawwertjie / [Temminck's Courser](#) (photo by [Derek Keats](#), used under [CC BY 2.0](#))

nomadiese spesie wat mens toevallig teëkom, eerder as dat jy spesifiek na 'n bepaalde plek gaan om dit te kry. Dit is ook baie maklik om hulle mis te kyk, en as mens 'n area met geskikte habitat nie versigtig bespied nie gaan mens hulle nie sommer raaksien nie.

Die Trekdrawwertjie is meer algemeen in kaal, oop gedeeltes van die bosveld as in grasveld. Hulle is al in die Seringveld gesien, en word so een keer elke twee jaar tydens opnames soos die Dinokeng Bird Bash gekry. Die bosveld naby die Limpopoprivier en die Krugerwildtuin gee egter beter geleenthede om dit waar te neem as enige plek naby Pretoria.

Om na opnames van die voël te luister: <https://www.xeno-canto.org/explore?query=temminck%27s%20courser> 🐦

Cows and Speckled Mousebirds

Animals eating low-nutrient foods like leaves/grass have specialized digestive tracts and processes to extract the maximum value from this food, e.g., ruminants like cows and other grazers who 'chew the cud' and have adaptations like multi-chambered stomachs and populations of microbes that enable them to digest cellulose by fermentation (releasing methane in the process – one of the reasons that eating beef/mutton is implicated in climate change). This diet and its specialisations are mostly seen in mammals, explained by the fact that mammals have relatively large body size. Such low-energy food cannot generally be utilized by smaller animals like birds because they have higher energy requirements (smaller animals have higher surface area to body mass ratios, and thus lose heat faster than larger animals – and in the case of birds large amounts of energy are also required for flight). However, there are birds that eat leaves (folivory). The South American Hoatzin (which notoriously smells like cow manure), is the only bird known to eat only leaves (obligate folivory), and has been found to have a digestive tract and bacterial populations that indicate a ruminant-like digestive process. And so has... our very own Speckled Mousebird. This species eats leaves in addition to fruit, flowers and nectar, can maintain its body weight even when eating only leaves, and maintains a variable body temperature – basking in the sun and huddling together for warmth. A study to investigate the digestive system of Speckled Mousebirds revealed a ventriculus with a large surface area due to convolutions, which were covered by microbial flora, suggesting that Speckled Mousebirds, to some extent, can employ the same digestive strategies as cows to survive on a diet of low-nutrient plant material.

To read the full study see: [Downs CT, Wirminghaus JO and Lawes MJ \(2000\) Anatomical and nutritional adaptations of the Speckled Mousebird \(Colius striatus\). *The Auk* 117 \(3\) 791–794.](#)



Michelle van Niekerk

BLNG held its AGM on 11 Feb, after which BirdLife South Africa CEO Mark Anderson spoke to us about how BirdLife International undertakes its work across the world and how the partnership is making important contributions to the conservation of birds and their habitats. From left to right: BLSA CEO Mark Anderson, BLNG Chairperson Elouise Kalmer, BLNG President André Marx



The world's most admired Helmeted Guineafowl: The BLNG ringers held a demo at the Colbyn Wetland Nature Reserve as part of World Wetlands Day celebrations on 1 Feb, attended by around 150 children who spent the morning learning all about wetlands and why we need to restore and protect them. Another highlight of the programme was a performance of BirdLife SA and the Rare Finch Conservation Group's Waxi the Hero puppet show, generously sponsored by Toyota South Africa.



Storrei Botha

The BLNG committee at their annual Bosberaad at Wolfhuiskraal in mid-January. From left to right: (back) Frik du Plooy, Tamsyn Sherwill, Pieter Heslinga, Elouise Kalmer, Sheleph Burger, Riana Botha, (front) Wanda du Plooy, Rita de Meillon



Tamsyn Sherwill


Bosberaad: Cape Penduline-Tit spotted near the Kgomo-Kgomo bridge



BLNG uitstappie, 4 March 2020: Northern Farm is 'n besondere plek met verskeidenheid van habitat: plaaslewe, grasveld, water, bome, ens. Ons het by die 100 voëlsoorte in net meer as 4 ure aangeteken (vir myself 'n rekord) – dit was vir almal 'n baie lekker uitstappie wat hulle enige tyd weer graag sal doen. André Marx se kundigheid oor die voëls en bereidheid om ander te help en te leer is uitstaande. 'n Paar hoogtepunte was 'n groep van 17 Gewone Dikkoppe bymekaar, asook 'n groep van sowat 80 Glansibisse. Verder het ons 6 soorte roofvoëls aangeteken: Geelbekwou en Swartwou, Oostelike Rooipootvalk, Swartborsslangarend, Langkuifarend en Visarend – Matthys van der Hou



To generate interest in the club and birding in general, BLNG set up a stall at the Succulent Festival held at the Pretoria Bot Garden on 1 March. The festival was extremely well attended and lots of people stopped by the stall to chat about the club and look at the books and other material on display. We hope that everyone who showed an interest will join BLNG. A huge thank you to Riana and Stoffel for running the stall.



Just hanging around: an African Harrier-Hawk raiding Little Swift nests on a block of flats next to the Colbyn Wetland – a very common summer sight for (observant) residents.

The South African Lockdown Challenge

From 27 Mar 2020 (00:00) to
16 Apr 2020 (23:59)



The birds are still out there – you just have to wait for them to find you. By Day 3 of the SA 21-day Lockdown to slow the spread of Covid-19, birders taking part in BirdLasser's South African Lockdown Challenge had already logged over 500 of South Africa's bird species, while staying home (or at least within the confines of their properties – including suburban gardens, farms and probably a few nature reserves).



The second-most-frequently-logged bird in the SA Lockdown Challenge (beaten only by the Hadedda Ibis). Also reasonably endearing and entertaining lockdown companions (until the bird seed runs out).



Something I might not have noticed without a lockdown: This roosting nest, seemingly made entirely out of grass harvested from the nearby greenbelt, is being built by a flock of about 15 Bronze Mannikins in a very large monkeythorn tree in front of my home. It is a very flimsily constructed nest, a wide tunnel open on both ends, but to date has survived high winds and heavy rain. At sundown the whole flock flies as one into another part of the tree – individual birds then leave their perches one by one to fly into the nest – Ed.

Rarities and unusual sightings report: 29 February 2020

Compiled by André Marx

This report covers the months of November 2019 to end-February 2020. It would appear that birds associated with wetland habitat dominated the recent period, probably as a result of the excellent rainfall after November 2019. Regular sightings of the Slaty Egret in the Muldersdrift area continued to be enjoyed, with surprise appearances of two very uncommon birds in the region; namely Rufous-bellied Heron and White-backed Night Heron, the latter breeding in a suburban estate. Other good records were Lesser Moorhen in Centurion as well as Grey Phalarope at Bronkhorstspuit Dam. One of the biggest surprises was a first sighting of Yellow-billed Oxpecker for the region. The introduction of big game in recent years at Dinokeng north of Pretoria may have assisted the spread of this species, but it nevertheless is somewhat surprising and I am not aware of any records in recent times. Thank you for the reports received. Please send any interesting and out-of-range records together with a photo where possible to the address given below.

National rarities / Nasionale rariteite

Egret, Slaty [Rooikeelreier]

The bird that was at Gnu Valley/Walkhaven Dog Park in the Muldersdrift area from Sep to end-Oct 2019 was still present during Nov and Dec 2019 with reports up to and including 13 Jan 2020 at this locality, reported by several observers (GBird).

Harrier, Western Marsh [Europese Vleivalk]

A female bird was at Marievale, 23 Feb 2019 (MJ).

Regional rarities / Streeksrariteite

Brownbul, Terrestrial [Boskrapper]

A single bird was mistnetted and ringed at



Terrestrial Brownbul near Magaliesburg

Bushtrails, north of Magaliesburg, 25 Jan 2020 (AK; photo MS).

Bunting, Lark-like [Vaalstreepkoppie]

Three birds were at the Eco Park on Northcliff Hill, Johannesburg, 20 Nov 2019 (AF, LR).

Heron, Rufous-bellied [Rooipensreier]

The bird that was first seen in Centurion near Candlewoods Estate in Oct 2019, continued to be recorded by several observers until at least 18 Dec 2019 (GBird; photo MG).



Lark-like Bunting, Northcliff Hill, Johannesburg



Michal Groenewald

Rufous-bellied Heron, Centurion

Heron, White-backed Night [Witrugnagreier]

A surprise sighting was of two birds at Cedar Lakes Estate in the Fourways area of northern Johannesburg, when on 26 Jan 2020 two birds were confirmed to be present (IM, JN). In the following days several local birders managed to get to see this secretive, nocturnal species. *This is a most unusual record as this species is seldom observed in a suburban environment, but its presence can be attributed to the suitability of the local habitat, with large, shallow dams with small fish prey available, and dense willow trees in summer for roosting. The birds were subsequently seen to be collecting nesting material, confirming that they were breeding.*

Moorhen, Lesser [Kleinwaterhoender]

During an atlasing initiative in Pentad 2550_2810 one bird was found at the wetland near Candlewoods Estate, Centurion, 11 Nov 2019 (MG; photo DT), and subsequently reported by several birders in the following days. *An unusual record for the locality. This is a species that will move into areas where conditions are optimal after good rains.*

Nightjar, Square-tailed [Laeveldnaguil]

One bird was at the start of the Zaagkuil drift road, north of Pretoria, 30 Dec 2019 (MJ).



Justin Nicot-Bat

White-backed Night Heron, Cedar Lakes Estate, Fourways

Osprey, Western [Visvalk]

One bird was at Bronkhorspruit Dam, 9 Nov 2019 (MJ).

Oxpecker, Yellow-billed [Geelbekrenostervoël]

A sighting of one bird, photographed on a buffalo in Dinokeng Game Reserve, north-east of Pretoria, is likely a first confirmed record for Gauteng, 14 Dec 2019 (RP; photo DvR). *This species has not been recorded with any certainty in the last 30 odd years of monitoring rarities in the region.*



Dauid Teichert

Lesser Moorhen, Centurion

Phalarope, Grey [Grysfraingpoot]

One bird was at Bronkhortspruit Dam, 15 Feb 2020 (GBird; photo DT).

Plover, Grey [Grysstrandkiewiet]

A single bird was at Vaalkop Dam, 25 Nov 2019 (RH).

Plover, White-fronted [Vaalstrandkiewiet]

One bird was still present at Bronkhortspruit Dam, 9 Nov 2019 (MJ).

Sandpiper, Green [Witgatruiter]

One bird was present along Crake Road in the Zaagkuil drift area (JK).

Warbler, Dark-capped Yellow [Geelsanger]

This species was located in Suikerbosrand NR in Pentad 2625_2815, a new locality during the atlas period of the last 13 years, 20 Feb 2020 (CWJ, ID).

Other interesting observations / Ander interessante waarnemings

Bee-eater, Blue-cheeked [Blouwangbyvreter]

One bird was at Marievale Bird Sanctuary, where this species is seldom recorded, 21 Nov 2019 (AS).

Observers / Waarnemers:

Adriaan Stander (AS)
Andy Featherstone (AF)
Arrie Klopper (AK)
BirdLife Northern Gauteng members (BLNG)
Craig Whittington-Jones (CWJ)
Delene Janse van Rensburg (DvR)
Duard Teichert (DT)



Duard Teichert

Grey Phalarope, Bronkhortspruit Dam

Gauteng Birders (GBird)

Ian Davidson (ID)

Ian Malcolm (IM)

John Kinghorn (JK)

Justin Nicolau (JN)

Lance Robinson (LR)

Martin Steyn (MS)

Michal Groenewald (MG)

Michael Johnson (MJ)

Riaan Pieters (RP)

Rupert Horley (RH)

This column is mainly concerned with observations of rarities and interesting sightings made in the Greater Gauteng region, defined as being 100 km from the centre of both Johannesburg and Pretoria. While the majority of records are included it is sometimes necessary to exclude some depending on whether the subject matter has already been well reported. Occasionally records are sourced from Internet reports and from SABAP2 records. Members are invited to submit details of sightings to André Marx at turaco@telkomsa.net or 083 4117674.

WELCOME TO BLNG!

Aan alle nuwe lede – baie welkom! Ons sien daarna uit om julle by ons aandvergaderings, daguitstappies of tydens 'n naweekkamp te leer ken.

We trust you will enjoy your birding with us. Please contact Rita at secretary@blng.co.za or 083 391 2327 if you have any queries or requests.

Annemarie Marais (Rooihuiskraal), Arrie Klopper (La Montagne), Amanda Schoonderwoerd (Villieria), Henriette Rothmann (Waverley), Ryan Blumenthal (Monument Park), Brigitte & Bruce Double (Centurion), Geoffrey Ellis (Lyttleton), Jan & Audi Snijman (Elarduspark), Carla Lewis (Kempton Park), Bradley Edwards (Sandton), Etesia Egger (Constantiapark)

***Laniarius* advertising costs**

	1 issue	2 issues	3 issues
Back cover	R600	R1100	R1500
Full page	R400	R750	R1000
Half page	R250	R450	R625
Quarter page	R150	R275	R375

Advertiser to supply print-ready artwork.

Back cover is printed in full colour. Inside pages are printed in black and white but appear in full colour in electronic publication.

The BLNG committee reserves the right not to place an advertisement.

BUFFELSDRIFT

Rust de Winter

ACCOMMODATION

R500/adult/night;

R250/child 12 years and younger/night;

Day visitors R100/person/day



BOOKINGS

Please call Donald

on 082 885 5577;

or e-mail

bookings@birdhiking.co.za

Website: www.birdhiking.co.za